**MEDIA RELEASE**
**by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)**

**2 JULY 2011**

**Two faced Malema**

"The question one would like to ask Julius Malema is why he wants the state in control of everything when there has been such obvious failure in proper administration and management, and such gross corruption. Should he say that it is so that the people may benefit, how will he convince us of such noble motives , when he lives in the lap of luxury with extravagant cars and properties, not to mention parties, while so many of "the people" are languishing in abject poverty?"

"In an interview on E-News Malema presented a side of himself one does not see when he is performing in front of his Youth League comrades, or when he is abusing and chasing a BBC correspondent from a press conference," says Rev Theunis Botha, Leader of the Christian Democratic Party (CDP). "He spoke of nationalisation and the apparent benefits of State-control of key sectors within the economy of the country, such as mines and banks, giving all the usual ideological arguments as to why this could work. When challenged by the fact that the government has not been able to effectively handle competencies such as service delivery and safety and security assigned to them, he said that he had no doubt that they could do it. But then communists have always been blinkered when it comes to their past failures."

"Malema may be able to fool some of the people, but he certainly does not fool us. His communist friends whom he says exercised such great influence over him, and whom he looked up to from the age of nine, such as Castro and Ché Guevara, have a history of their own. And why he didn't mention Stalin and Mao Zedong as well? One supposes that political correctness prevented him from doing so. Fact is that under the rule of all these, civil liberties were severely curtailed and religion was all but obliterated."

"By the way, a fair question to ask this young upstart is, what religion if any does he hold to."

**Malema se twee gesigte**

"Die vraag wat 'n mens graag aan Julis Malema wil vra is hoekom hy wil hê die staat moet alles beheer as daar ooglopend soveel mislukking is met behoorlike administrasie en bestuur, asook sulke omvagryke korrupsie. Sou hy sê dit is sodat die mense bevoordeel kan word, sal dit maar broekskeur gaan om ons te oortuig van sy motiewe teen die agtergrond van sy luukse lewenswyse en buitensporige luukse motors, eiendom, partytjies, terwyl soveel van 'die mense' in absolute armoede leef."

"In 'n onderhoud met e-Nuus het Malema 'n beeld van homself voorgehou wat 'n mens nie sien wanneer hy die Jeugliga toespreek, of 'n BBC-joernalis onbeskof die deur wys nie," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese party (CDP). Hy het gepraat oor nasionalisering en die skynbare voordele van staatsbeheer oor sekere sleutel-bedrywe soos myne en banke, maar verskaf al die geykte redes oor hoekom dit behoort te werk. Toe hy gedaag is oor die feit dat die regering nie in staat is om verantwoordelikhede soos dienslewering, veiligheid en sekuriteit, baas te raak nie, het hy geantwoord hy twyfel nie dat die regering dit wel onder die knie kan kry nie. Maar Kommuniste het nog altyd ontkenned opgetree as hulle met ul mislukkings in die verlede gekonfronteer word."

"Malema mag in staat wees om sommige mense ore aan te sit, maar hy sal dit nie met ons regkry nie. Sy kommunistiese rolmodelle, wat volgens hom van ouderdom nege so 'n invloed op hom uitgeoefen het – mense soos Castro en Ché Guevara, se geskiedenis spreek vir hulself. Maar hoekom noem hy nie sommer Stalin en Mao Zedong nie. 'n Mens vermoed dat politieke korrektheid hom verhinder om so te maak. Die feit van die saak is dat burgerlike vryhede onder hulle beperk, en geloofsvryheid ernstig bedreig is."

"Terloops, 'n billike vraag om die astrante jongman te vra is watter geloof hy aanhang."